



Sondag, 2 Februarie 2020

### Die aandag van Sy oë....

*“Toe Hy die menigte sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie ’n wagter het nie”*

(Matteus 9:36)

*“Hy sal sy oog op ons bly hou, ons stel ons hoop op sy ontferming...”*

(Liedboek Psalm 33:7)

**Sien:** Vandag presies dertig jaar gelede, en wat sien jy? Dalk ’n rommelstatus demokrasie wat in dreigende donker onder begeleiding van loeiende alarms deur al hoe groter wordende slaggate rukkerig voorsteier? En wêreldwyd: wit maskers en die aanleer van “Korona” as nuwe woord én vrees? En persoonlik: die realiteit dat agter al jou maskers jy ten diepste bewus is van die beperkinge van eie tekortkominge? In die dorpie en klein plekkies waar Jesus kom, kyk Hy ook. Die aandag van Sy oë is die raaksien van mense met ’n kondisie van diepe moegheid en verlate hulpeloosheid. Eerlik is eerlik, sou dié merkers dalk vandag op jou lewe pas?

**Hersien:** Wat ek aanvanklik en oënskynlik sien, kan dikwels met verdere ondersoek – met ’n wêér-kyk – verdere en selfs nuwe betekenis kry. Vir alles wat ons raaksien is daar ’n moontlikheid van herinterpretasie. Vir Jesus lei dié raaksien tot ’n innige jammerte (Mat. 9:36). Só diep raak Sy oog Sy hart dat die oorspronklike teks as te ware suggereer dat God se ingewande in *beroering* kom. Dié skape sonder ’n herder vind in dié Herder se oog, ontferming en redding. In die hersien van die gebeure en die teks, raak Sy sien destyds ook hoe ek vandag kyk en sien.

**Voorsien:** Ten diepste; ten verste beteken *voorsien* dat daar gekyk word waar ek nog nie kan sien nie. Dié land en die oes sinspeel op só ’n tyd wat al deur Hom voorsien is. So met elke oogknip, kyk met die wete dat jy reeds raakgesien is... as te ware *voor-sien* is. En vir dié tyd sien en roep die Herder juis vir jou wat reeds deur Hom raakgesien is, om as *arbeider-kyker* die ander om jou raak te sien. Juis daarom, en in die bewustheid dat jy die aandag van Sy oë geniet, word jy geroep om saam op ’n nuwe manier na jouself én ander te kyk. Word gevra dat, omdat jy reeds raakgesien is, jy ook hóm of háár nou daar by jou, sal raak kyk. Dus, omdat jy in die aandag van Sy oë is, verdien ander die aandag van jou oë...

### Jan-Albert van den Berg

Baie welkom by ons erediens gelei deur Prof. Jan-Albert v/d Berg en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Die gesinsdiens in die saal word gelei deur ds. Jan Lubbe; die Nagmaalsdiens by Siësta deur dr. Andries Hoffman.

Agter in die kerkgebou is Bybels en Liedboeke indien u een benodig.

Uit die binnehof is deure na die Moederskamer en toiletgeriewe.

Almal word uitgenooi vir ’n koppie koffie & tee ná die diens in die binnehof.

**Indien u enige vrae het of met die leraar oor vanoggend se erediens wil gesels, skakel/sms prof. Jan-Albert van den Berg by 083 297 2619.**

**Ander eredienste vandag en volgende Sondag:**

Om 15:00                      Geen Sothodiens  
Om 18:00                      Wyksbyeenkomste, soos gereël deur ouderlinge in wyke;  
ook in die Jeugkamer gelei deur ds. Johan Marais.  
Sondag, 9 Februarie        09:30 – ds. Jan Lubbe (Mat. 9:9-17; gesamentlike  
Nagmaalsdiens); 15:00 – teol.std. Steve Bopane (Sotho-  
diens); aand om 18:00 – Preek van die Leek.

**Alle lidmate word uitgenooi om volgende Sondagoggend saam die Nagmaal te kom vier, 'n ete vol genade en waarheid waarin ons met mekaar om die tafel sit en Christus die Gasheer... Kom ons berei ons in ons gedagtes en harte hierdie week voor op daardie feesmaal.**

Daar word vir heel klein kindertjies (voorskools) 'n oppasdiens in die Jeugkamer gereël sou ouers daarvan gebruik wou maak.

Om 12:30 (volgende Sondag) is julle as gesinne of enkelinge ook welkom om saam te kom bring-en-braai in die binnehof; ons sorg vir die vure, tafels en stoele, krummelpap en sous (dit sal by vis, hoender of 'n stukkie wors ook pas).

Ons wil veral nuwe lidmate, intrekkers en ek-voel-my-nog-vreemdes uitnooi na hierdie kuiergeleentheid; kom ontmoet ander soos jy!

**DEURKOLLEKTES:**

26 Januarie	ENGO (Maatskaplike dienste)	R 1 362,00
02 Februarie	Christelike Lekturfonds (CLF)	
09 Februarie	Geestelike Bearbeiding Studerende Jeug	

**'n Inligtingstuk oor deurkollekte is agter in die kerk op die tafel beskikbaar.**

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

**Verjaarsdae:**

Ons hartlike gelukwense en seënbede aan almal wat vandag en hierdie week verjaar:

02 Februarie	Hendrik Smith, Gert Badenhorst, Gert Botha, Bettie Malan, Susan Jacobs, Hanta van Wyk, Tony Roque, Le Roux Rabe, Rachelle Voges en Klara-Laine Human.
03 Februarie	Tracy Potgieter, Corné Rabe, James Dendy, Johan Loots en Sané van Rooyen.
04 Februarie	Magriet Ellis, Karen van Vuuren, Marco Botha, Rossouw van de Wall en Dané Kies.
05 Februarie	Jaco van de Wall, Jayden Potgieter (Cronje) en Talisa Snygans.
06 Februarie	Carel Beneke, Mia Calitz en Paul v/d Berg.
07 Februarie	Marius Maree, Nico Junius, Dunette Naudé, Mandie Claassens, Tiaan de Wet en Nadine Claassens (Engelbrecht).
08 Februarie	Frans O'Neill, Wimpie Kies, Leandra Kruger en Manie Linde.

**Siekes tuis of in hospitaal:**

Ons dink in gebed aan hulle wat siek is, in hospitale of tuis aansterk ná operasies of behandeling: Annatjie Weber (Albrechtstr. 104, wyk 2a); Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Tannie Alet Ellis (Genl. Van Schoorstr. 17, wyk 3a); Oom Dawie Keyser (Shangrila 2, wyk 11a); Conna Lups (Deanelaan 25, wyk 20b); Tannie Pearl van den Bergh (Paul Rouxstr. 37, wyk 5a); Jan Davel (Dan Pienaarrln. 50, wyk 11a) en Beatrice Carshagen (Cussoniahof 8, wyk 20b).

**Meelewing:**

Ons meegevoel aan Annatjie Weber en haar seun Hans, by die heengaan van haar man die afgelope week; sy gedenkdien was gister. Ook so aan Phillip en Magda van Wyk (Wild Olive Heights 1, wyk 18b), wie se oudste broer in Hartebeespoort oorlede is; die gedenkdien is môre daar. Mag die Here aan jul almal troos gee...

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Woensdag, 5 Februarie 05:30 – Mannebiduur.

19:00 – Bybelstudie (ds Jan): “Só sê die Here” (II)

Donderdag, 6 Februarie 09:00 – Bybelstudie (ds Johan): “Gebore in ‘n nuwe gesin”  
(1 Johannes)

Die Woensdagaand-Bybelstudie gaan in die eerste deel van vanjaar terugblaaï na die klein profete in die Ou Testament, van die boeke wat vir ons relatief onbekend is - en vra: Lê daar vir ons in 2020 'n aktuele en dalk nodige boodskap in hierdie “vergete” bladsye? Ons begin om eers die verskynsel van “profesie” te leer ken, dié boodskappers wat gestuur was om te sê: “Só sê die Here die Almagtige...” Almal welkom in die Jeugkamer.

**KERKRAADSAKE****Pastorale sorg (Leraarswyke – ruil vanjaar om):**

Wyke 1-10 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)

Wyke 11-20 – ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig. Daarom vra ons dat wanneer u vanjaar hospitaal toe sou gaan, of tuis siek is en graag 'n besoek verlang, u ons sal kontak - ons kry nie meer naamlyste by die hospitale nie en sal dus nie weet dat u daar is nie. Indien daar ander nood is of 'n behoefte aan 'n huisbesoek of pastorale gesprek: kontak ons en ons maak graag 'n afspraak met u.

**Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee:**

**Wyk 13** (Verre Weste) en **14** (Westdene) is Februarie aan die beurt vir gasvryheid op Sondae met teeskink ná die erediens en verskaffing van etes aan Bloemshelter Vrydagaande. Indien u as vrywilliger by ons gasvryheid, sorg-en-omgee betrokke wil raak, kontak asb. die kerkkantoor (051-436 2750).

**Inligtingstafel:**

In die binnehof sal u vanoggend weer 'n inligtingstafel vind waar alle inligting oor ons gemeente beskikbaar is: algemene navrae, 2020-almanakke, vorms vir nuwe

lidmate/intrekkers, die bestaande lidmaatlys om jou persoonlike besonderhede op te dateer, kategeseboeke én verlore/vergete Bybels en Liedboeke – kom neem asb. joune... Oók vergete Tupperware-bakke en ander kombuisware ná die Kermis 2019!

## BEDIENINGE

Baie dankie aan alle nuwe vrywilligers wat in die afgelope week een van ons groot bedieningsvergaderinge bygewoon het – ons waardeer jou tyd en insette!

### GEMEENTEBEDIENING

#### Wyksbyeenkomste vanaand!

Die eerste wyksbyeenkoms vir 2020 word vanaand in die wyke en by die Jeugkamer gehou – alle inligting is op die ingeslote bladsy; kyk, lees en kom gesels saam...

#### Wêreldbiddag vir Mans, Vroue en Kinders:

Vrydagaand, 6 Maart 2020 neem ons gemeente deel aan die Wêreldbiddag vir Vroue en Mans – soos vorige jare, reël ons weer drie gelyktydige groepsbyeenkomste (vroue, mans, kinders), vanjaar met **Zimbabwe** as temaland in gedagte, en daarna 'n heerlike ete. Meer besonderhede volg later. Dagboek solank die datum, en besprekings kan by die kerkkantoor gedoen word (@ R 40 p/p vir die ete).

#### Vrouekomitee

Ingesluit in Fokus vind u vanoggend 'n inligtingsbrief van die Vrouekomitee oor hul werksaamhede vanjaar, asook 'n Dankie-sê koevertjie vir vrouelidmate waaruit van hulle projekte gefinansier word – dankie vir jou aandag en ondersteuning.

### JEUGBEDIENING

#### Kategese 2020:

Ons kategesejaar het baie goed begin, selfs met 'n tweede Graad 1-groep – welkom aan jul almal! Indien daar nog nuwe kinders is wat vanoggend wil inskryf, meld asb. by die inligtingstafel aan en ons neem jou na die regte groep. Boeke vir alle grade is by die inligtingstafel te koop: Grade 1 tot 4 @ R65,00 en Grade 5 tot 11 @ R70,00.

### GETUIENIS & BARMHARTIGHEIDSBEDIENING: MET WOORD EN BROOD...

#### Werkersklas:

Die eerste byeenkoms vir huishulpe en ander werkersvroue (Sotho- of anderstalig) begin op Dinsdagmiddag, 4 Februarie om 14:00 in die Jeugkamer. Hierdie is 'n byeenkoms en projek wat al sedert 1977 in Berg-en-Dal aankom en elke jaar aan vroue 'n geleentheid vir ontmoeting, vaardighede en verdieping bied: pragtige klere en ander naaldwerk word gedoen, 'n jaarlikse huishulpkamp word gereël en selfs Berg-en-Dal se Sothokoor sing soms hier saam! Ons nooi nuwelinge uit en doen 'n beroep op lidmate: gee tyd aan die huishulp by julle en bring haar na die kerk – dit is 'n wonderlike verrykende byeenkoms vir hulle. Baie dankie aan Marie de Wit (082 463 7865) en haar span helpers vir jul entoesiasme hiermee...

### ONDERSTEUNINGSBEDIENING

Môre-aand, 3 Februarie vergader twee belangrike komitees wat ons lewe hier saam moontlik maak: **Diensverhoudinge** (17:30 in die konsistorie) en **Eiendomme** (18:00 in die Jeugkamer) – ons het jou kundige insette nodig; kom woon asb. by en help.

Op berge en in dale - oral voor Gods aangesig.